



Laerskool Mikro

MEMORANDUM VAN WEEK 8 SE WERK

MAANDAG 8 Junie 2020

Die volgende werk moet in die lyntjiesboek gedoen word.

BELANGRIK - Werk onderaan waar jy laas geskryf het, moenie spasies ooplaat nie.

Werk met woorde

8 Junie 2020

P. 86 nr. 1 – 5

1. voornaamwoord
 2. hoender + sop = hoendersop
 3. maar
 4. Sy eet hoendersop by die huis.
 5. Rooi staan vir die kinders wat kwaad is.
-

DINSDAG 9 Junie 2020

Saamgestelde sinne

'n **Saamgestelde sin** is twee sinne wat saamgevoeg word om een sin te vorm. In

'n saamgestelde sin is daar **twee gesegdes** of **werkwoorde**.

VOORBEELD: Die man sien die vis. (Enkelvoudige sin)

Die vis swem in die dam. (Enkelvoudige sin)



Saamgestelde sin: Die man sien die vis wat in die dam swem.

1. Skryf elke keer die twee enkelvoudige sinne oor as 'n saamgestelde sin.

Pieter skryf lawwe stories. Die stories is snaaks.

Pieter skryf lawwe stories wat snaaks is.

André skryf 'n toets. Die toets is baie moeilik.

André skryf 'n toets wat baie moeilik is.

2. Skryf jou eie saamgestelde sinne deur 'n hoofsin by die bysinne te voeg.

Wanneer ek my huiswerk doen, skryf ek eerder met potlood as met pen.

Aangesien ek gister afwesig was, het ek vandag baie huiswerk om te doen.

3. Gebruik die voegwoord “en” om die sinne te verbind.

Ben doen sy huiswerk. Ben lees sy boek.

Ben doen sy huiswerk en lees sy boek.

Jana was die wasgoed. Anel sal dit stryk.

Jana was die wasgoed en Anel sal dit stryk.

4. Gebruik die voegwoord “want” om die sinne te verbind

Stefan bly in die bed. Hy is siek.

Stefan bly in die bed, want hy is siek.

Oupa sit voor die vuur. Dit is koud buite.

Oupa sit voor die vuur, want dit is koud buite.

WOENSDAG 10 Junie 2020

Voornaamwoorde

'n **Voornaamwoord** is 'n klein woord wat jy gebruik in plaas van 'n persoon se naam. Soms wys dit dat iets aan iemand behoort.

Ek het 'n boot.	Dit is my boot.	Die boot is myne .
Jy het 'n boot.	Dit is jou boot.	Die boot is joune .
Hy het 'n boot.	Dit is sy boot.	Die boot is syne .
Sy het 'n boot.	Dit is haar boot.	Die boot is hare .
Ons het 'n boot.	Dit is ons boot.	Die boot is ons s'n .
Julle het 'n boot.	Dit is julle boot.	Die boot is julle s'n .
Hulle het 'n boot.	Dit is hulle boot.	Die boot is hulle s'n .

Kleur die regte blokkies met 'n kleurpotlood in.

1. Ek speel met hy sy my niggie.
2. Hy vra ek sy julle oupa.
3. Ons Hulle Sy skryf met hulle potlode.
4. Hy Sy Ek trek my tennisklere aan.
5. Sy ry met sy haar my fiets.
6. Hulle gaan by sy hulle ons ouma kuier.
7. Ons ry met ons sy hulle motor.
8. Hy Sy Ek speel op my rekenaar.
9. Ons Hulle Julle speel met ons niggies.
10. Hy Sy Julle bel haar ma.



Skryf die regte voornaamwoord by elke sin:

1. Pieter en Theuns speel met hulle klein hondjies.
2. Ons speel met ons speelgoed.
3. Sy ry op haar fiets.
4. Sy sê daardie mooi fiets is hare.
5. Hy eet sy appel.
6. Pa sê vir Pieter en Theuns: "Daardie gemors is julle s'n."
7. Nou moet (Pieter en Theuns) hulle dit skoonmaak.
8. Ek het die oulikste hasie. Die hasie is myne.
9. Jy woon daar. Dit is jou huis.
10. Hy het 'n nuwe fiets. Die fiets is syne.

Sien die speltoets se memorandum op die Speltoets Groep 13 dokument.

DONDERDAG 11 Junie 2020

Voorsetsels

onder	teen	deur	op	vir	oor	in
op	onder	aan	vir	van	by	om
oor	teen	deur	by			

Kies die regte woord uit die blokkie om die volgende sinne te voltooi:

1. Ek lê **op** my bed.
2. Die kat klim **teen** die boom op.
3. Ek braai die vleis **oor** die kole.
4. Die aap spring **in** die gat.
5. Sal jy asseblief die boodskap **vir** Pappa gee?
6. Ek swem **deur** die rivier na die ander kant toe.
7. Kyk **onder** jou bed of jou skoene daar is.
8. Die skool begin **om** kwart voor agt.
9. Die mes lê **op** die tafel.
10. Die fiets staan **teen** die muur.
11. Ek spring **oor** die hekkie.
12. Ek skryf 'n brief **aan** my ouma en oupa.
13. Ek kyk **deur** die venster.
14. Ek hou **van** appels.
15. Jaco is **by** die huis.
16. Ek koop **vir** Tarien 'n geskenk.
17. Die kat lê **onder** die bed.
18. Die kinders hardloop **by** die trap af.

- 5.a. Die boek bestaan uit die volgende afdelings: gedigte, limerieke, liedjies en wysies.
- b. "Ek sal altyd gediggies en versies skryf," antwoord Philip.
- c. Maak die sous so: verhit eers die melk en botter; roer.

- 6.a Hy is baie lief vir diere.
- b. Sy werk verskyn in baie tale.
- c. Die vertaling van Karnaval van die diere is baie gewild.

Deurlopende assessering

12 Junie 2020

4.a. sy b. ek

- 5.a. Jy moet oppas of versigtig wees.
- b. pas + op + ens
- c. in

12. bloedrooi

1. Dit wys elke keer dat 'n sin uitgeroep word.
2. a) Nee, Pasop b) Pasop
3. Dit is 'n voegwoord wat twee sinne verbind.
4. a) sy; Sy; ons b) ek; Ek
5. a) Jy moet oppas / versigtig wees.
 b) pas + op + ens
 c) in
6. Dit wys inligting wat volg.
7. a) Dit is mense se direkte woorde.
 b) Sy vra wie daar is.
 c) 'n Vraag word gevra.
8. Om in die moeilikheid te wees.
9. Dit vergemaklik uitspraak – opeenhoping van klinkers
10. Dit dui aan waar 'n nuwe lettergreep begin.
11. Dit wys 'n deel van 'n woord is weggelaat – “Wie is” word “Wie's” uitgespreek.
12. bloedrooi